

Woensdag 19 Februarie

Skrifgedeelte: Psalm 103

Fokusgedeelte: Psalm 103:20-22 (AFR2020)

Lofsingend in die massakoor!

Psalm 103 is by uitnemendheid 'n lofjuweel. Vers vir vers ... met as kern die verkondiging van die vergifnis van sonde, wat God op grond van sy liefde en ontferming skenk aan diegene wat Hom dien. En juis die ontvangs van vergifnis wek vreugde en lof in die lewe van die gelowige! Die Dawiddigter van Psalm 103 en in hedendaagse tyd die kind van die lewende Here wat lofsingend lewe en onder andere sê:

*“Hy is onmeetbaar lief vir wie Hom dien,
so groot, daar is geen maatstaf voor te kry nie,
Hy sal nie kwaad vir ons (vir my) vir altyd bly nie
en sal na ons (my) behoeftes om bly sien ...”* (Ps. 103-2:4)

Die opeenstapeling van veel meer as mooi woorde. Om presies te wees: die ineenskakeling van lofwaarhede wat die blydschap van die blye (evangelie) boodskap dra. Want ewig duur dieliefde van die Here en Hy heers tot in die hoogste, verste sferes. En die heerskappy van die Here oor alles in die skepping gee daartoe aanleiding dat die digter van Psalm 103 die hele skepping oproep tot lof aan die almagtige God. Selfs die hemelwesens word opgeroep tot lof. So asof die lofakkoorde aarde en hemel verbind! Lof aan God in alle wyer kringe. 'n Lofseggende koor wat die heelal vul. Want aan Hom kom alle lof toe, oraloor in tyd en tot in ewigheid. So hoort dit, want enigiets minder as dit is God nie waardig nie! En in die massakoor klink elke mensestem in gemeenskap met God deur sy Woord, en deur die Gees van Christus word die sonde aan die mens bekend, die vergifnis 'n werklikheid en die lof van Psalm 103 'n spontane reaksie van die gelowige daarop. Sê met verwondering:

*“Laat hemel, aarde en see en berg en dal,
waar ook sy septer swaai – laat alle dinge
sy lof verhef in altyd wyer kringe!*

En jy, my siel, loof jy Hom, (om Christus wil) bowenal ...” (Ps. 103-1:11)

Sing: Psalm 103-2:8

Dr. PH (Pieter) Heystek (Pretoria-Montanapoort)